**<u>Philippolis hou basaar: 8-10 Mei 2026</u>**

Hierdie jaar loods ons 'n unieke poging om die breër gemeenskap so ver as Bloemfontein te betrek.
Berg-en-Dal gemeente vier hul 70ste bestaansjaar en het besluit om as deel van hul viering hande te vat met Philippolis gemeente.
Ons is baie opgewonde om besoekers in ons unieke klein dorpie te ontvang en met plattelandse gasvryheid te laat tuis voel.

Daar word 'n verskeidenheid aktiwiteite beplan vir die hele naweek – iets vir almal in die gesin.

**Program:**

<u>Vrydag 8 Mei</u>

**17:00 – 18:00 Die Philippolis Myl**
Daar vind verskillende wedlope plaas

- "Halfmyl" Karnaval – kom met gees en 'n uitspattige uitrusting
    - Bring die hele familie saam
    - Ongeveer 800m – wegspringplek sal bepaal word
    - Pryse vir oa die oudste deelnemer, jongste deelnemer en beste uitrusting
    - Inskrywings R10/persoon
    - Skryf in as 'n groep/familie/plaas - groepe van vier betaal slegs R30
    - Weldoeners kan ook vier kaartjies teen R30 koop om deelnemers te borg

- Aflos Myl
    - Skryf 'n span van 4 in (wyke/besighede/plase/families/skole)
    - Inskrywings R100/span
    - Goeie pryse te wen

- Philippolis Myl
    - Inskrywings R50/persoon by kerkkantoor
    - Groot pryse te wen
    - Kan ons dalk die jongste beste Suid Afrikaanse tyd van 3:58.63 ewenaar?

| |
|---|
| Inskrywings by Philippolis kerkkantoor vir plaaslike deelnemers<br>Maandag tot Vrydag tussen 9:00 en 13:00 - 051-773 0014<br>OF per google vorm vir deelnemers van buite. https://forms.gle/j2RXAAwiLiP5jyF76<br>Vir alle navrae: whatsapp 072 115 0057 |

Nadat jy jou inskrywing voltooi het, sal alle verdere inligting per whatsapp kommunikeer word.

**18:00 Wildsveiling/jagpakkette**
- Kontakpersoon Stephan Meyer 083 454 3273

**18:00-20:00 Steakbraai**

- R150/persoon vir 'n heerlike steak ete
- Worsbroodjies teen R25 sal ook beskikbaar wees.
- Ons gaan lekker saamkuier by die gemeentesentrum onder die helder sterre van die Karoonag.
- Bring eie drinkgoed saam.

| Kaartjie verkope by kerkkantoor Maandag tot Vrydag tussen 9:00 en 13:00 - 051-773 0014 |
|---|

<u>Saterdag 9 Mei</u>

**7:00-9:00 Prettrap in die stofpad**

- Fietsroetes van tot 25km word spesiaal in ons mooi omgewing uitgelê en besoekers gaan dit saam met ons plaaslike fietsry entoesiaste geniet.
- Inskrywings R30/persoon – bring jou eie fiets

| Inskrywings by Philippolis kerkkantoor vir plaaslike deelnemers<br>Maandag tot Vrydag tussen 9:00 en 13:00 - 051-773 0014<br>OF per google vorm vir deelnemers van buite. https://forms.gle/j2RXAAwiLiP5jyF76<br>Vir alle navrae: whatsapp 072 115 0057 |
|---|

Nadat jy jou inskrywing voltooi het, sal alle verdere inligting per whatsapp kommunikeer word.

**8:00-9:00 "Skattejag" staproete deur die dorp**

- Stap saam om interessante historiese ontdekkings te maak
- Ons maak spanne en kyk wie kan eerste al die leidrade vind en bymekaar sit vir 'n besondere "prys"
- Ons ontmoet by die gemeentesentrum
- Koste R10/persoon – geen vooraf inskrywing of betaling nodig nie.

**10:00 Basaar by die Gemeentesentrum**

- Vleisverkope
- Gebak
- Pannekoek
- Poedings
- Kafee met ligte etes
- Teetuin
- Stoepstories
- Plaaslike orkes en musikante
- Aktiwiteite vir die kinders

**18:00 “Platteland is Groot”- verskeidenheidskonsert in die Gemeentesentrum**

- Toegang gratis
- Om deel te neem kontak
  - Anita 082 410 2860
  - Jesse 084 293 0741
  - Gerda 084 036 0458
- Heerlike kerrie en rys en ander snoepgoed tydens pouse te koop

Sondag 10 Mei

**10:00 Dankdiens in die historiese NG Kerk gebou**

11:00 Kom geniet plattelandse gasvryheid vir oulaas met ‘n koppie tee en versnapering voor u huiswaarts keer.

Ons bekende Groenhuise Gastehuise bied ‘n spesiale pakket van 50% afslag vir twee nagte se akkommodasie en 33% vir een nag. Bespreek vinnig voordat dit vol is.
‘n Lys van alle ander gastehuise wat ook betrokke is en Basaargangers ontvang sal beskikbaar gemaak word.

Vooraf vleisbestellings is ook beskikbaar.

Navrae by kerkkantoor Philippolis. Maandag tot Vrydag tussen 9:00 en 13:00 - 051-773 0014